# Laerskool Orion

MET YWER

Toinettestraat 6, Brackenhurst, 1448 • Posbus 167385, Brackendowns, 1454
Tel: (011) 868-5562/3 • Faks: (011) 900-3987
E-pos: lsorion@absamail.co.za • Webtuiste: www.lsorion.co.za


## Leierbeleid 2021

Om geen leerder die geleentheid te ontneem om hom/haar te ontwikkel as leier gun ons Gr. 7's 'n kans gun om in 'n leiersposisie te staan en te ontwikkel as persoon. Daarom word alle Gr. 7's tot leiers verkies. Leieropleiding vind plaas om Gr. 7's te bemagtig vir die toekoms.

Voordele ten opsigte van ons leerders:

- Alle leerders kry 'n gelyke geleentheid om te ontwikkel as toekomstige leiers deur in verskillende posisies vir 'n kwartaal te dien. Bv. Skolierpatrollie, media- terrein-, redenaar- en snoepieleiers. (Roteer kwartaalliks)
- Ons Gr. 7's kom as 'n eenheid voor deurdat almal leierdrag sal dra.
- Die gees onder Gr. 7 leerders verbeter.
- Opleiding sal met al die Gr. 7 leerders deur die jaar plaasvind.
- Al die Gr. 6 leerders gaan op 'n ontwikkelingskamp.
- Gr. 7 leerders voel deel van die leierkorps en Gr. 7 groep.

**Wangedrag:**

Indien 'n leier hulle skuldig maak aan enige wangedrag sal 'n dissiplinêr plaasvind en 'n gepaste straf toegeken word.

**Hoofleiers:**

- Daar word 'n groep hoofleiers na afloop van die kamp en stemming deur personeel verkies wat dan sal dien as hoofseun en hoofdogter vir die onderskeie kwartale om sodoende elkeen in die hoofleiergroep 'n kans te gee om te dien as hoofseun en hoofdogter.

Prosedure:

- Laerskool Orion se personeel kry 1 stem om 'n Hoofseun en Hoofdogter te kies.
- Hoofleiers word voor die Meriete geleenthede aangekondig en weereens tydens die Meriete geleenthede bekend gemaak.
- Indien daar 'n gelykop uitslag is sal daar weer gestem word.
- Die Dagbestuur het finale seggenskap en hou deurgaans die proses dop.

Gr. 6-leerders

Daar word vooraf met die Gr. 6-leerders die volgende aspekte hanteer en bespreek:

- Prosedure word verduidelik.
- Riglyne word bespreek.
- Vertroulikheid rondom personeel stemming word beklemtoon.
- Reik uit na leerders wat bemoediging nodig het na afloop van bekendmaking, en teleurstelling moet verwerk.

**Uitstaande leierskap:**

Aan die einde van die jaar sal leiers wat uitstaande leierskap getoon het 'n sertifikaat ontvang. Daar word geen beperking geplaas op die hoeveelheid leerders wat wat hierdie sertifikaat kan ontvang nie.

**Riglyne vir die kies van hoofleiers:**

1. Hulpvaardigheid, bereidwilligheid om te help
2. Vermoë om te lei en te organiseer.
3. Selfdissipline – nakom van skoolreëls
4. Menseverhoudings
5. Respek – onderwysers
6. Respek – maats
7. Pligsgetrouheid
8. Stiptelikheid
9. Samewerking / Gehoorsaamheid
10. Gesindheid en lojaliteit
11. Akademie
12. Betrokkenheid
13. Deursettingsvermoë